

Leef in vrede met alle mense

God se kinders is burgers van sy koninkryk, maar terselfdertyd moet hulle ook in hierdie wêreld leef. Hierdie toestand bring mee dat die gelowiges in aanraking sal kom met ander mense; mense wat anders dink en anders leef. Dit is belangrik dat hierdie kontak nie die vestiging van God se koninkryk sal ondermyn nie.

Dit is dus nodig dat ons uit die Bybel leer hoe gelowiges moet optree in hulle verhoudinge met ander. Abraham bevind hom in so 'n situasie. Abimelek van Gerar en sy generaal, Pikel, kom na Abraham om 'n gesprek met hom te voer. Hulle wil 'n ooreenkoms met Abraham sluit. Daar moet onderlinge erkenning wees. Abraham aarsel nie. Hy soek vrede. Dit lyk ook glad nie of Abraham die onderhandeling ingewikkeld wil maak nie. Hy gee sy woord.

Dikwels is dit nie die wyse waarop mense probleme aanpak nie. Te veel kere gebeur dit dat daar onnodige konflik is voordat volwasse gesprekvoering begin. Konflik verhinder ook 'n sinvolle ooreenkoms alte maklik. Abraham skroom egter nie om steeds sake te noem wat hom pla nie. Die lewensbelangrike waterput by Berséba kom op die agenda. Die gees waarin die gesprek gevoer word bied nou ruimte om so 'n saak van voortbestaan kalm te hanteer.

Die vrede en verstandhouding ná die ooreenkoms bied later groter ruimte vir Abraham om God te dien en sy naam openlik uit te dra. Dit is 'n gelowige se roeping om in harmonie met ander te lewe, om vrede te soek. Harmonie en vrede is dikwels die voorkeurbenadering omdat dit juis ruimte bied vir die uitbreiding van die boodskap van die evangelie.

Sing: Psalm 125:6, 7

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)